# KOERSVAS

Jaargang 13 Uitgawe 253
14 Augustus 2026

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto



**In hierdie uitgawe:**

**REDAKSIONEEL: LEDIG DIE GLAS**

**BERIGTE: UIT WATTER GLAS DRINK ONS?**

**VERKORTE BONDSVERGADERING 2026**

**BARTHOLOMEUSNAG**

**KENNISGEWINGS**


## REDAKSIONEEL

### LEDIG DIE GLAS

In verlede maand se Redaksioneel het ek aan die hand van gesprek oor tyd aangedui dat ek die teuels vir die GHG se publikasies gaan oorhandig. Ek is dankbaar vir die geleentheid wat my gegun is om oor meer as ‘n dekade met u as lesers te kan kommunikeer. Vir ‘n wyle sal ek steeds Die Skietlood hanteer, maar ek oorhandig graag Koersvas aan die volgende Redakteur.

In my nadenke oor die saak, is ek herinner aan ‘n Nederlandse kortverhaal wat ek in my Matriekjaar moes lees (*ja, daar was ‘n tyd toe Nederlands ‘n deel van die Afrikaanse skool-kurrikulum uitgemaak het!)* Dit was ‘n vertelling oor ‘n man wat by ‘n onthaal ‘n toespraak moes lewer. Weens sekere omstandighede het hy nie voorberei nie. Hy het sit en worstel oor wat hy sou sê. Hy het na sy glas wyn gestaar, ander gaste se glase wyn raakgesien en iets opgemerk. Nie al die glase was ewe vol (of ewe leeg) nie. Uit dit het hy toe gaan praat oor die volheid of leegheid van die glase, soos die volheid of leegheid van die lewe.

Ek wil op daardie beeldspraak ingaan. Ons is elkeen deel van die fees van die lewe. By ‘n deftige onthaal is daar meer as een glas voor elke gas, bedoel vir een of meer dele van die seremonie of proses. Ons het elkeen meer as een glas voor ons. Sommige glase word gebruik, sommige word aan geproe en sommige word geledig in die loop van die onthaal. Nie almal se glase is ewe vol nie, maar almal begin met dieselfde porsie in die glas. Vir sommige is dit sjerrie, ander rooiwyn, ander Rosé en nog ander het witwyn. Daardie wyne kan nog verder verdeel word in soet, semi-soet, droog en ....

Uit sekere glase van die fees van die lewe drink ons meer. Uit ander proe ons net, of raak ons nie eens aan nie. Sommige laat ons hervul en ander stuur ons net so terug. Elke glas simboliseer ‘n ervarings-geleentheid. Soms kies ons om met een glas te volhard, soms proe ons net hier en daar sonder om te diep betrokke te raak.

Dit voel soos gister en ek het reeds by die meer as 240 geleenthede my gedagtes gedeel om lesers te stimuleer en te prikkel, om nuus oor te dra, om te herinner en uit te daag.

Daar is tradisie (soos onder offisiere van die weermag) waar daar uit een beker gedrink word. Tydens die seremonie ontvang jy die beker nadat jou naam genoem is, sê dan, “Ek drink en oorhandig aan ....." en sê die naam van die persoon wat volgende gaan proe.

Ek het die Redakteurs beker (met my inhoud) nou geledig en oorhandig dit

graag – met nuwe inhoud - aan Jaco de Ridder.
Dankie vir u ondersteuning. Johan Otto

## BERIGTE

### UIT WATTER GLAS DRINK ONS?

In Koersvas weet ons duidelik uit watter glase ons wil drink – uit die Skrif as onfeilbare Woord van God, uit die belydenisskrifte as samevatting van die evangelie, en ons volks-geloftes en die Hervormde tradisie wat ons gewortel hou. Gemeentes, predikante en lidmate kom en gaan, maar dit was reeds van die eerste uitgawe van Koersvas die doel gewees om lesers te herinner aan hierdie beginsels.
Uit ander glase wil ons nie drink nie maar teen die inhoud waarsku - waarsku teen 'n gnostiese mensbeeld, horisontale teologie, sosiale evangelie, goedkeuring van homoseksuele praktyke, verwerping van die "Qua"-beginsel, apokriewe gesag, teologiese liberalisme en ander dwalinge wat die kruis versag, en maatskaplike en politieke ideologieë wat die kerk binnesypel en die kern wil verander of verplaas.
Koersvas is 'n mondstuk van die GHG en as sodanig het dit nie net 'n belangrike rol gespeel in verspreiding van inligting en die saambind van gemeentes en lidmate nie maar het dit ook gepoog om dieper denke oor geloofsake te stimuleer. Die glase en bekers is egter net aan ons geleen en die inhoud waarmee ons dit vul kom nie uit ons eie wysheid nie. Koersvas sal daarom voortgaan op die regte koers - met ons oog gerig op God en in gehoorsaamheid aan Hom.
Jaco de Ridder

### VERKORTE BONDSVERGADERING 2026

*Koersvas het die volgende berig ontvang vanaf die GHG Skriba:*
Volgens die konstitusie van die GHG is ons verplig om jaarliks die finansiële state van die Geloofsbond goed te keur. Aangesien elektroniese vergaderings binne die GHG as ‘n wettige vergadering geld sal die volgende reëlings van toepassing wees:
1. Die volgende dokumentasie sal op 9 September 2026 aan gemeentes versend word vir kommentaar en goedkeuring:
• 2025 / 2026 Finansiële State van die GHG.
• Vorm met plek vir kommentaar en goedkeuring.
2. Hierdie dokumentasie moet deur die Kerkraad van u betrokke gemeente voltooi word.
3. Alle voltooide dokumentasie moet aan die skriba versend word, voor of op 30 November 2026.
4. Indien geen terugvoering ontvang word nie, sal die Bestuur van die GHG u stilswye as instemming aanvaar.
Met dank.
Ds. Frans Marais.

### BARTHOLOMEUSNAG

Bartholomeusnag word elke jaar op 24 Augustus herdenk. Dit is die nag waarin duisende Franse Hugenote ter wille van hulle geloof vermoor is. Die dag dien vir ons as herinnering dat ons geloofserfenis duur gekoop was - om Christus te volg vereis selfverloëning. Laat ons vandag steeds hulle voorbeeld volg deur op te staan vir ons geloof.
Die St. Bartholomeüs-slagting van Franse Protestante (Hugenote) deur Rooms-Katolieke is 'n afgryslike nalatenskap van die Rooms-Katolieke Teenreformasie. Die gebeurtenis vind plaas teen die

agtergrond van die geloofskonflik in Frankryk tydens die sestiende eeu. Op 18 Augustus 1572 het die troue van die Franse koning se suster, Marguerite de Valois, en die Protestantse prins Henri de Navarre in Parys plaasgevind. Talle Protestantse adellikes van die koning van Navarra se gevolg het die bruilof bygewoon. Die troue was 'n poging om versoening tussen Frankryk se Katolieke en Protestante te bekragtig ná die Vrede van Saint Germain-verdrag. Op 22 Augustus is daar egter 'n mislukte aanslag op die Hugenoot-leier Gaspard de Coligny se lewe, waarskynlik deur die invloedryke Katolieke Guise-familie beplan, en word hy ernstig gewond. Die Hugenote leiers het antwoorde geëis. Desondanks het die koninklike raad, onder invloed van die koningmoeder Caterina de Medici, besluit om Coligny en ander Hugenote leiers om die lewe te bring. Nog voor dagbreek op 24 Augustus het die klok van Saint-Germain-l'Auxerrois begin lui en die teregstelling het begin. Die beseerde Coligny is in sy slaapkamer vermoor en sy lyk by die venster uitgegooi. Die Hugenote-adellikes en -leiers is onkant betrap en in die Louvre-paleis of in die strate uitgewis. 'n Wrede slagting van álle Protestante is sodoende in Parys ontlont. Die stad se hekke is gesluit en alle bote vasgeketting om te verhoed dat die Hugenote ontsnap. Die moordtog het regoor Frankryk versprei en duisende Hugenote is deur Rooms-Katolieke soldate en burgers tydens die twee maande lange bloedbad afgemaai. Pous Gregorius XIII het sy ingenomendheid met die slagting betuig deur danksegging-miste te beveel en het 'n spesiale medalje laat maak om die gebeurtenis te herdenk.
Die slagting het tot die hervatting van die geloofsoorlog in Frankryk gelei. Die voortgesette konflik is in 1598 deur die edik van Nantes beëindig, wat geloofsvryheid en aansienlike regte aan die Hugenote verleen het. In 1685 is hierdie verordening egter deur koning Louis XIV herroep met die Edik van Fontainebleau wat Protestantisme onwettig verklaar het. Geloofsvervolging van Protestante is in alle erns hervat. Aksies om die Hugenote te dwing om hul geloof te verloën het ingesluit marteling, tronkstraf, verpligte huisvesting van soldate en die plasing van Hugenoot-kinders in Rooms-Katolieke sorg.
Sommige Hugenote het die Katolieke geloof aangeneem om vervolging te ontkom. Ander egter, het volhard en ter wille van die suiwer Evangelie gely. Hierdie intense vervolging het gelei tot 'n diaspora van Hugenote wat nuwe gemeenskappe in nie-Roomsgesinde lande van Europa en in Noord-Amerika gevorm het. Hoewel 'n relatief klein getal Hugenoot-families hulself rondom 1688 in die Kaap van Goeie Hoop gevestig het, was hulle invloed en nalatenskap beduidend.
Jaco de Ridder

## KENNISGEWINGS

**DRUKWERK**
Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame-plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com